**Oordenking**
**15 Junie 2009**

## Om weg te val

Jesus het ons gewaarsku dat soos die lewe al meer uitdagend raak – en teleurstellend – sal gelowiges se verhouding met God ook meer en meer getoets word.
Baie val weg uit die genade, omdat dit vir hulle al hoe moeiliker word om die Here konsekwent en met oorgawe te dien.

*Mat 24: 12 – 14: En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.*
*En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.*

In hierdie eindtyd is daar ook, volgens Bybelse belofte, nie net diegene wat wegval uit die genade nie, maar ook die wat gewen word vir 'n volle toewyding aan die Here en sy werk.
Sommige probeer om elders 'n antwoord op lewensuitdagings te vind, en elkeen wat 'n oppervlakkige verhouding met Christus het, sal weggaan uit sy diens en aanbidding om op 'n ander plek 'n "makliker" taak en makliker "evangelie" te probeer vind.

Maar daar is ook mense wat besef dat toewyding aan Christus die enigste pad vir ons is! Opposisie van die lewe in die Liggaam van Christus oorreed ook baie om van harte deel te wees van 'n geloofsgemeenskap wat God onvoorwaardelik op sy Woord neem!
So sal teenstand teen die Evangelie sommige se geloof opbou en ander se halfhartige oorgawe finaal tot niet maak.

As jy sedert vanjaar begin het, weggestap het van Christus se gemeente, omdat dit te moeilik en uitdagend vir jou geword het – en die persoonlike opoffering teveel – kom liewer terug voordat jy alles verloor: veral jou roeping, jou liefdesdiens aan Christus en jou persoonlike groei as sy dissipel. Daar is nie meer baie tyd oor om die geestelike mislukkings van 2009 reg te stel nie. En die koms van die Here, is naby!

Mag jy geseënd wees as jy terugkom om in die verloste Liggaam van Christus te leef en jy Hom dien met jou hele hart.